SEILKURSUS VIR OFFISIERE

Sleuteldoelwit

Om die kursusganger geleentheid te bied om die basiese vaardigheid van seil aan te leer met die oog daarop om die kursus aan Verkenners aan te bied.

Aktiwiteit 1 : Inleiding

Om die kursus so te open dat die kursus suksesvol aangebied kan word.

Standaarde

a. Dat die kursus met ‘n gepaste godsdienstige aktiwiteit geopen word

b. Dat die kursusganger kennis neem van die algemene inhoud van die kursus

c. Dat die kursusganger ‘n positiewe kursusgroep vorm wat mekaar ken en ondersteun.

Aktiwiteit 2 - Begronding

Om die kursusgangers die vermoë wat God die mens gegee het om die natuur te beheers te laat ervaar en dit verantwoordelik te doen.

STANDAARDE

a. Dat die kursusgangers sal kennis neem van Skrifgedeeltes en Voortrekkerliteratuur wat van toepassing is.

b. Dat die kursusgangers sal verstaan waarom daar bepaalde voorskrifte bestaan.

Aktiwiteit 3 : Dele van ‘n Katamaran*

Om die kursusganger vertroud te maak met al die terme wat op ‘n katamaran gebruik word.

Standaarde

a. Dat die kursusganger presies sal weet uit watter dele ‘n katamaran bestaan.

b. Dat die kursusganger alle dele van die katamaran kan uitken en/of identifiseer en ook verduidelik wat die doel daarvan is.

Aktiwiteit 4 : Touwerk

Om die kursusganger vertroud te maak met die knope wat op ‘n katamaran gebruik word.

Standaarde

Dat die kursusganger die volgende knope kan maak :

- Agtslag
- Ankerslag
- Booglynknoop
- Voorslagknoop

Aktiwiteit 5 : Teorie van Seil

Om die kursusganger vertroud te maak met die teorie van hoe die wind ‘n seilboot aandryf.

Standaarde

a. Die kursusganger moet verstaan hoe die wind ‘n boot aandryf.

b. Die kursusganger moet kan verduidelik hoekom ‘n boot teen die wind kan seil

c. Die kursusganger moet die verskillende seil areas tov die wind kan identifiseer en verduidelik hoe die seile gespan moet wees vir ‘n gegewe wind oriëntasie

Aktiwiteit 6 : Die opslaan van ‘n katamaran

Om die kursusganger te leer hoe om ‘n katamaran op te slaan.

Standaarde

a. Dat die kursusganger sal leer hoe om die mas op te slaan.

b. Dat die kursusganger sal leer hoe om die seile te hys.

c. Dat die kursusganger die vasmaak van toue en opsit van katrolletjies, ens. sal baasraak.

Aktiwiteit 7 : Veiligheidsmaatreëls

Om die kursusganger kennis te laat opdoen rondom die gevare, asook die veiligheidsmaatreëls wat toegepas word wanneer daar met ‘n katamaran geseil word.

Standaarde

a. Dat die kursusganger sal kennis neem van gevare wat bestaan wanneer daar geseil word

b. Dat die kursusganger sal weet watter veiligheidsmaatreël toegepas kan word om gevare te voorkom asook wat gedoen word indien daar ‘n probleem ontstaan.

Aktiwiteit 8 : Lansering en terugkeer na wal met ‘n katamaran

Om die kursusganger vertroud te maak met die prosedure wat gevolg word wanner ‘n katamaran weg beweeg vannaf die wal en terugkom na die wal in verskillende wind toestande.

Standaarde

a. Dat die kursusganger kennis opdoen van hoe ‘n katamaran vertrek vanaf die wal (lansering).

b. Dat die kursusganger kennis opdoen van hoe daar terugbeweeg word na die wal.

c. Dat die kursusganger weet hoe om te stop met ‘n katamaran.

Aktiwiteit 9 : Bewegings met ‘n katamaran

Om die kursusganger die algemene kennis en vaardighede te laat bemeester om alle bewegings met ‘n katamaran uit te voer.

Standaarde

a. Dat die kursusganger sal leer hoe om te wend en te gyp met ‘n katamaran. (Prakties)

b. Dat die kursusganger sal leer hoe en wanneer om te gansvlerk met ‘n katamaran. (Prakties)

c. Dat die kursusganger sal leer hoe om teen die wind in te seil. (Prakties)

d. Dat die kursusganger sal leer hoe om in ‘n sterk wind te seil. (Prakties)

Aktiwiteit 10 : Gevorderde Tegnieke

Om die kursusganger vertrou te maak met die ander beginsels wat toegepas word wanneer daar geseil word.

Standaarde

a. Dat die kursusganger sal leer hoe om ‘n bemanningslid wat oorboord geval het, weer op te pik.

b. Dat die kursusganger die tegniek sal bemeester om ‘n katamaran wat omgeval het, weer regop te bring.

Aktiwiteit 11 : Vaarreëls

Om die kursusganger in te lig aangaandie die algemene vaarreëls

Standaarde

Dat die kursusganger onderrig word aangaande die algemene vaarreëls wat toegepas word wanneer daar met ‘n vaartuig op die water geseil word tussen ander vaartuie.

Aktiwiteit 12 : Afslaan en versorging van ‘n katamaran

Om die kursusgangers te leer hoe om ‘n katamaran af te slaan en te versorg.

Standaarde

a. Dat die kursusganger afslaan van ‘n katamaran sal bemeester

b. Dat die kursusganger kennis sal neem van hoe seile, toue en ander toerusting van die boot versorg en geberg moet word.

Aktiwiteit 13 : Afsluiting

Om die kursus op ‘n gewone Voortrekkerwyse af te sluit.

Standaarde

a. Dat die kursus volgens normale prosedure geëvalueer word.

b. Dat die kursus afgesluit word op ‘n wyse wat by die bepaalde omstandighede pas.

Aktiwiteit 14 : Praktiese Seil

Om die kursusganger genoeg praktiese seilervaring te gee sodat hy met vertoue op sy eie ‘n seilboot kan hanteer.

Standaarde

a. Dat die kursusganger ten minste 1 uur seilervaring as skipper en 1 uur seilervaring as bemanningslid opdoen.

b. Dat die kursusganger deelneem aan ‘n regatta, waar hy sy seilervaring op ‘n praktiese wyse kan toets. Die regatta moet sonder ‘n instrukteur aan boord geskied, en elke kursusganger moet kans kry om vir ten minste een rondte skipper te wees.